

## Woensdag 22 Mei

**Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11**

**Fokusgedeelte: Romeine 5:1a**

### **Vrygespreek deurdat ons glo!**

In ons Skrifgedeelte sit iets geweldigs ... en dit is die ongelooflike impak van God se genade! Dit is daardie genade dat Hy ons eerste liefgehad het. Daardie genade dat Hy ons só liefgehad het dat Hy Jesus Christus gegee het tot 'n versoening en verlossing van sy kinders. Daardie genade dat Hy sy Heilige Gees gegee het om ons van sy groot liefde te oortuig.

God het die sondaarmens "geregverdig", sê Romeine 5:1 ... dus vrygespreek! En dít deurdat ons glo. Hierdie sekerheid van vryspraak word geskenk deur Jesus Christus in sy versoeningsliefde wat Hy aan die kruis gedoen het. Só word hierdie Skrifgedeelte gelaai met Goddelike deernis en liefde.

Ons is vrygespreek deurdat ons glo. En daarmee belig die Here in sy Woord aan ons die ware betekenis van geloof. Vrygespreek ... ongeag ons skuld. Vrygespreek ... enkel en alleen deurdat ons glo.

En weet u ... die feit dat ons vrygespreek is en só die ware betekenis van geloof onderstreep, moet ons elke dag dryf tot aksie. Jy moet iets doen ... jy moet verkondig en getuig.

Jy, vrygespreekte ... jy kan nie anders as om te getuig en te verkondig nie.

Jy, vrygespreekte ... jy kan nie anders as om voluit te lewe vir God en sy kerk nie.

Jy, vrygespreekte ... jy kan nie anders as om dankbaar te wees vir God se groot genade nie.

Jy, vrygespreekte ... jy kan nie anders as om kerk toe te gaan en Bybel te lees en te bid nie.

Gaan leef daarom ook vandag in die vaste wete: Ons is vrygespreek (geregverdig) deurdat ons glo. Mag hierdie betekenis van u geloof u elke dag dra.

*Sing: Skrifberyming 8-2:3, 5*

*Ds. NW Ligthelm (Nico) (Emeritus)*